

# KRUISNUUS

Junie 2013


Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619

**Crossroad Gospel Message NPC 2013/00234/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch Code**


# Loof die Here, want Hy is goed!

**Met die VandenBerghies gaan dit klopdisselboom! Ons kyk so baiekeer na wat ons NIE het nie en graag WIL hê dat ons vergeet wat ons WEL het! Ons SEëNINGE is groot!!!**

Ons kinders en kleinkinders is springlewendig en gesond, onsself is rond en gesond...ja self die hond en die 2 hamsters is vet en vrolik! Die Here sorg vir ons en ons geniet elke dag wat ons vir Hom 'n verskil kan maak.

Ons het baie afgeskaal sedert Desember verlede jaar. Die rede is dat ons besef het dat ons te veel ysters in die vuur het. Ons het die ROEPING wat God op ons lewe gesit het, begin verwaarloos en ons was toegegooi onder ADMIN! Ons het ons TYD wanbestee op MENSLIKE ISSUES wat GEEN VOORDEEL ingehou het vir God se werk nie!

Vandag voel jy dalk ook asof **ALLES NET TE VEEL** geword het...wel, dan is dit tyd vir jou om STIL te word voor GOD en HUISSKOON te maak. Gooi weg, kap af, ruk uit...MOENIE toelaat dat satan DINGE en MENSE gebruik om jou weg te trek van jou EERSTE LIEFDE, PASSIE, HUWELIK en DOEL in die lewe nie. Maak VANDAG nog die BESLUIT!!!



Soré word 5 op 29 Julie!



Sonja het 25 geword op 9 Mei!





Francois word 50 op 2 Julie!



Dis die jaar van 5'e (GENADE) vir ons!

# 2 Kleinkinders in 2 Maande!



**Oupa Coen & Ouma Connie** is bevoorreg om in 2 maande **2 kleinseuns** ryker te word. Dis seker hoekom Coen se bynaam ***Rykie*** is!




Eers was dit **Jaden** (hul seun en ons dogter se seuntjie) **17 April** en toe is dit klein **Raydon** (hul dogter Chantelle en haar man se seuntjie) op **2 Junie**! Altwee seuntjies was onder die 3kg, maar gesond soos Coen se Koivissies in sy visdammetjie! Baie geluk julle twee en weet dat hierdie nuwe kleinseun maar met trots kan opkyk na sy ouma en oupa. Julle liefde vir die Here en jul sagte gees sal hierdie kosbare kind ook die pad wys! Ons bind God se guns en seën styf vas aan julle!

---



# Nog 'n nefie gebore!


**Vanoggend 21 Junie net na 05:00** het klein **Hanré** sy eerste lewenslig aanskou! Hanré is **Jaydon en Raydon se nefie** en ons wil vir **Johan & Aretha Symington** asook vir al die oupas en oumas gelukwens! Hierdie familie het nou 'n paar manne bygekry wat verseker die familie se naam gaan hoog hou!!



Psalm 22:9 Ja, U is dit wat my uit die moederskoot uitgetrek het, wat my veilig laat rus het aan my moeder se bors.

Niemand van ons sal ooit hierdie wonder kan verstaan nie. God alleen het die vermoeë om **LEWE** te skep! God vertrou ons met **LEWE**... Daarom is ons verantwoordelikheid so ontsagwekkend groot om hierdie **LEWE** te laat **LEWE** in God!

**BAIE SEëN OP HIERDIE GROOT TAAK!**






# Bybel Bokse

**Beskerm** jou Bybel deur hierdie handgemaakte Bybel boks met jou **gunsteling teks & naam** in pewter gegrafeer aan te skaf! Daar is plek vir jou salfolie, penne ens. Jy kies jou tema en kleure daarom is elkeen UNIEK!

**Pryse wissel van R150+**

Kontak vandag nog vir **Scharmaine Smuts** op Facebook of kontak haar by:

**(018) 473 5574 (Orkney)**

**072 884 7564**



**Johan Flemming @ 072 186 9497**

**Worship & Outreach Director**



kruispad

familie kerk

**KIMBERLEY**

Open binnekort!

**Ps Eghon Francis @ 083 302 8479**

**Senior Pastor**

**Kimberley Kampus**

**Eghon & Johan** is ware **Kimberliete** in murg en been met 'n **passie vir God se werk**! Ons ken hulle al vandat hulle tjokkertjies was en Eghon was ook ons **drommer** in die **AGS Tabernakel** toe Francois nog die Musiekhoof was. Sjoe, dis al 'n leeftyd terug! In **2002** het ons ook ons **JUBILEE 2002 CD** vrygestel wat 'n gemeente projek was en Eghon het van die dromsnitte gedoen. Ons het **STRAATUIREIKINGS** gedoen waar hy nou berokke was en hierdie jongman het oor die jare gegroei in sy bediening en ons erken en herken waarlik die **salwing en roeping van God** op sy lewe.

Eghon sal die **Senior Pastor** wees van die **Kimberley Kampus** wat eersdaag as die Here wil gaan open. Ons sal julle op hoogte hou met die **venue en tye** en vertrou dat die Here baie **kerklose en kerklos** mense sal stuur om hier die **antwoord en oplossings vir hul lewens** te kom vind en ook **betrokke te raak in die gemeenskap**.

**Johan** sal die **Musiek Departement (CHOSEN) & Uitreikings (G.H.I.P = God has a Plan)** hanteer en hulle is alreeds **volstoom aan die werk** vir die Koning! Besoek gerus hul **FACEBOOK** Pages. Ons is besig om ons webtuiste www.crossroad-ministries.co.za op tegradeer en binne die volgende paar dae sal hulle ook daar te siene wees. **WATCH THIS SPACE!!!** **Alle eer aan Jesus Christus oor Wie dit alles gaan!**

# TO MAKE EVERY STRANGER A FRIEND, AND EVERY FRIEND A DISCIPLE





Watch for significant progress in areas that have been a concern to you.
Your trust in Me is not displaced. I see your heart and know that your faith is strong and your trust is unwavering.
Stay calm and allow My work in you to be perfected,
says the Lord.
I am with you to guide you to a victorious outcome!

**Read: Deuteronomy 32:4**

# Ons los Upington agter met passievolle, vindingryke paartjies!











**Duin-in-die-Weg** sal seker nooit weer dieselfde wees nie! Ons het **3-5 Mei** ons eerste Intimiteitsnaweek vir **Upington** en omgewing aangebeid. Ons was eers vrekbang vir hierdie boerseuns, want ons persepsie was dat hulle erg konserwatief en moeilike bulle is...**VERSEKER** is ons verkeerd bewys! Ons het later gelê soos ons lag vir hulle slimstreke! Ons het tot geleer dat die woord **"beken"** eintlik **"google"** is...wie sou nou kon raai hulle weet van "google" so baie? Wys jou net...**don't judge a book by its cover!** Hierdie boerseuns weet meer as wat ons dink!

**Romanties is nie een naastenby genoeg om hierdie naweek te beskryf nie!** Die **kaggelvuurtjies, lekker kos, heerlike 3 ster verblyf, 'n close-dance op die maat van egte Latino musiek...**dit was presies wat ons nodig gehad het. Tot ons eie huwelik het sommer 'n nuwe seisoen vol romanse, pret en soveel begrip vir mekaar ingegaan. Dan praat ons nie eens van die "**geskenkies**" (blindfold, sweets bracelet & olie) wat elke paartjie gekry het op hul bed met aankoms nie... party het selfs vir "seconds" kom vra!

Ons het die krane van die begin af oopgedraai en daar was heeltyd 'n lekker atmosfeer waarin **almal kon saamgesels** en kon insette lewer oor **elke denkbare onderwerp**! Ons kon mekaar help, ondersteun en bemoedig op soveel vlakke!

**Hier is 'n paar van die onderwerpe wat ons bespreek het:**

- **God, die Skepper van die Huwelik & Seks**
- **Die 4 Sterkste Pilare**
- **SY Tas & HAAR Tas**
- **Wat is in ONS Tas?**
- **B45 (Pre & Post 5)**
- **Woede, Aannames, Persepsies, Depressie, Siektes, Higiëne**
- **My Black Box**
- **Raakpunte op hom & haar**
- **Dirty Talk, Masturbasie, Seks Speelgoed & Fantasieë**
- **M.J.K (Middeljare Krisisse) - Ons het lekker gelag vir Francois!!**
- **Die Hond se Hok - Pornografie, Egbreek, Seksverslawings**



Die Saterdagaand het elke man weer sy vrou **weer gevra om te trou**! Dankie **Sharron** vir die **pragtige ringboksies met ringe**! Dit was **soooo romanties** om elke paartjie te sien **slow-dance** op die **passievolle ritme van egte Latino lovesongs**...**PRICELESS!!**

Ons het die Sondagoggend afgesluit met 'n awesome sessie! **Juanita & Joos** was voor 'n Magistraat getroud en wou graag dit op die **Bybelse** manier doen. Wel, toe reël ons 'n troue in 'n oogwink! Die oomblik was so groot toe Juanita aan haar „instaan pa" Barend se sy ingekom het op **Vaughan Gardiner** se lied **'n Man se Gebed** dat ons almal gehuil het! Gaan kyk gerus die clip op Youtube: **http://www.youtube.com/watch?v=ZYxFCARa2H0**

**Ons wil vir Wynand van Duin-in-die-Weg en hul personeel baie dankie sê vir hul gasvryheid en diens! Sonder dit sou hierdie naweek nie moontlik gewees het nie!**

**Reël jul eie seminaar of kamp!** Op die volgende bladsy kan julle meer uitvind hoe om so 'n **naweek** of **seminaar** (Vrydagaand tot Saterdagaand) in jul eie dorp te reël.

**Boek ook NOU** vir ons volgende **2 Intimiteits Wegbreek Naweke** in **Koster** op 'n asemrowende **4-ster Wildsplaas! Die plekke is min, boek dus so gou moontlik!**

# Hoekom wil ons FOKUS op HUWELIKE?

As jy na die media kyk, is dit verstommend! Orals is **owerspel, verkragting, molestering, prostitusie, seksskandale en perversie** aan die orde van die dag! Hieronder is maar **een uittreksel** wat ons uit die **Sondag Koerant** aanhaal. *LW: Ons laat sekere detail uit ter wille van ons respek vir hierdie pastoor wat ten spyte van sy dade, steeds God se eiendom is!*

'n KA******* 77-jarige pastoor het sy skapies heeltemal op hol met sy origheid!

Die enigste vraag op almal se lippe is: KAN HY DIT NOG *****?" verklap 'n bron van binne die ****** Pinksterkerk in *****, Johannesburg. Pastoor ******* BESOEK glo gereeld PROSTITUTE.

Sondag is selfs in besit van 'n beëdigde verklaring van een van die hoere wat die "heilige" oupa GEDIENS het.




# SKOKKEND? Lees hier!

***Johannes 8:44*** *Julle het die duiwel as vader, en die **begeertes** van julle vader wil julle doen. Hy was 'n **mensemoordenaar van die begin** af en staan **nie in die waarheid nie**, omdat daar in hom **geen waarheid** is nie. Wanneer hy **leuentaal** praat, praat hy uit sy eie, omdat **hy 'n leuenaar is** en die **vader daarvan.***


Satan het reeds in die tuin van Eden begin om die **EENHEID** en **HEILIGHEID** tussen man en vrou en God te versteur en die Woord van God is **VOL** van **SEKSMISDADE**! Hier is maar 3 voorbeelde van honderde!

*1)* **Lot se dogters hou met hom gemeenskap**
***Genesis 19:34*** *Die volgende dag sê die oudste aan die jongste: Kyk, ek het verlede nag met my vader gemeenskap gehad; laat ons hom vannag weer wyn gee om te drink; gaan dan in, hou met hom gemeenskap, dat ons deur ons vader 'n geslag in die lewe kan hou.*

2) **Josef word verlei deur Potifar se vrou**
***Genesis 39:12*** *Toe gryp sy hom aan sy kleed en sê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het sy kleed in haar hand laat agterbly en gevlug en na buite geloop.*

***3)*** **Dawid se seun Amnon onteer sy eie suster Tamar**
***2 Samuel 13:14*** *Maar hy wou nie na haar luister nie en het haar oorweldig en haar **onteer** en met haar **gemeenskap** gehad. (**verkrag!)***

## Wat sê ons nou eintlik? *SEKS is **deur God geskape** en dit was **GOED en is steeds GOED.** Satan kom **verdraai SEKS** en maak dit een van die grootste **WAPENS** tans in die wêreld!*




- Met SEKS kan jy mense se lewens, huwelike, verhoudings **VERNIETIG**
- Met SEKS kan jy mense **AFPERS**,
- Met SEKS kan jy mense na **SELFMOORD of MOORD** toe dryf
- SEKS kan **GODSMANNE** hul **SALWING** en **BEDIENING** kos!

- **God** het **Kruispad** geroep **om op te staan** vir **HUWELIKE** in ons land!
- Ons wil weer die **<u>GOED</u>** in **SEKS** terugbring in ons **HUWELIKE** in manne en vroue help om te verstaan **hoekom** hul huwelike **SKADE** opdoen en verbrokkel en
- waarom **tree mense op** in hul **HUWELIKE** soos hulle doen? Wat **trigger** jou **WOEDE**? **Wat? Wat? Wat?**
- Ons praat veral oor die **MIDDELJARE KRISIS** waar mans en vrouens dikwels **"uithaak"** en in buite-egtelike verhouding verval.




**Dink jy jou dorp of stad het hierdie opwindende inligting nodig? Bespreek dan op die volgende basis:**

## GETROUD MET LIEFDE SEMINAAR (Vrydagaand tot Saterdagaand)
## GETROUD MET LIEFDE NAWEEK (Vrydagaand tot Sondagmiddag)

- Jy reël die VENUE (probeer 'n plek kry wat knus en romanties ingerig kan word) & DATUM!
- Jy bestel ons POSTERS (soos hierbo)
  (A3 = R10elk (Eerste 5 A3 posters is GRATIS!) & A2 = R60 elk)
- Jy verkoop KAARTJIES (ons voorsien dit) - Pryse sal bespreek word met navraag
- Jy reël vir ons AKKOMMODASIE & ETES
- Jy help met BEMARKING (plaaslike koerantjie, radio of nuusbriewe ens)
- Jy BID vir hierdie seminaar of naweekkamp!

## Ons bied vir jou:

- Ons verskaf ons eie klanktoerusting & multi-media!
- Ons verskaf die registrasie vorms, naamplaatjies en stuur ook SMS'e met info vooraf uit!
- Sessies wat volgepak is met lewensveranderende inligting!
- Ilustratiewe voorstellings wat sessies & onderwerpe ondersteun!
- Persoonlike Bediening (soos die tyd dit toelaat), vrae & antwoorde!
- Ons bedien julle met Geestelike sang asook Country Lovesongs!

**Kom verbreed jou horison, kom reis na nuwe plekke, kom besoek die "ancient ruines", kom dans die "Dans van die Liefde" en vat jou huwelik en intieme lewe na 'n onondekte eiland van vuurwarm passie, romanse en 'n volkome kans op oorlewing!**

**Slegs 6 datums oop vir 2014!**

# Ons plekke is beperk...
# BOEK ASAP!






## Koster, Noord-Wes

**16-18 Augustus**

**(Betalings moet voor of op 5/8/2013 geskied)**

**08-10 November**




**'n Winter & Somers Huweliksnaweek, weg van die stad in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit! Luukse kamers met eie badkamers, kaggelvuurtjie en lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!**

**KOSTES:** R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof) **SLEGS 18 COUPLES**

**(Besprekings wat nie volbetaal is op 5/8/2013 verbeur ongelukkig hul plekke)**

**VENUE:** SHAMMAH GAME LODGE **Boek op ons webtuiste:** www.crossroad-ministries.co.za

**of bespreek telefonies by: Connie @ 082 328 2988 of (018) 473 5354**

*Kom verbreed jou horison, kom reis na nuwe plekke, kom besoek die "ancient ruines", kom dans die "Dans van die Liefde" en vat jou huwelik en intieme lewe na 'n onondekte eiland van vuurwarm passie, romanse en 'n volkome kans op oorlewing!*



## 26 Jaar se Getuienisse!

Ons kan vandag getuig dat TROU nie perdekoop is nie! Ons het verseker nie geweet waarvoor ons onsslf inlaat nie, maar ons prys die Here wat in Sy Woord vir ons belowe: **Romeine 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.**

Ek en Francois het **onsself bymekaar gevoeg**..**nie God nie**...maar toe ons by **Jesus Christus** uitkom en die hoogste prys wat Hy vir ons en ons huwelik **betaal** het op Golgota **aanvaar**...toe word ons **deur God bymekaar gevoeg** en al ervaar ons soms nog storms en verskille, staan ons vas op die **Rots**!

## My Engel word 'n Halfeeu!

**Francois** word dv op **2 Julie** 'n hele **50** jaar jonk! Ek kan die Here nie genoeg dank dat hy in my lewe ingestap het nie (toe nog maar net 22 jaar oud!). Sy lewe was beslis nie vol rose gesaai nie, maar hy het **gekies** om **Jesus Christus** te volg. Die **salwing** en **roeping** op sy lewe is **onmiskenbaar** en my gebed is dat hy in die volgende 50 jaar met nog meer passie en ywer vir God sal werk, want die arbeiders is min en die oes is groot. **Geniet jou dag my lief!**









**Ps Francois & René van den Bergh**

**KRUISPAD FAMILIE KERK DATUMS 2013**

| APRIL | MEI | JUNIE | JULIE | AUGUSTUS |
|---|---|---|---|---|
| 21 & 28 | 12 & 26 | 9 & 23 | 14 & 28 | 11 & 25 |
| SEPTEMBER | OKTOBER | NOVEMBER | DESEMBER | JANUARIE'14 |
| 8 & 22 | 6 & 20 | 3 & 17 | 1 & 15 | 12 & 26 |

- Eerskomende **Sondag 23 Junie** het ons 'n **Welsynsprojek** om ons **koskas** aan te vul en **warm komberse** in te samel vir gesinne en mense wat dit broodnodig het! **Sien asb ons lysie hieronder.**

- Ons beplan om heerlike **SOP & BROOD** te bedien voor en na die diens op **30 Junie** aangesien ons **20 NUWE LIDMATE** voorstel en dit 2 dae voor **Francois se verjaarsdag** is. Dan vier ons sommer alles met een asem!

- Die **skole begin weer 15 Julie** en ons **Sondagskool** sal reeds oop wees op **Sondag 14 Julie**.

- Ons benodig **DRINGEND** die hulp van **onderwysers** vir ons **Kinderkerk.** Jy sal slegs **1x p/m diens** doen!

# ONTHOU ons BONUS diens : 30 Junie 2013 by Mayfair!

**SKOONMAAK MIDDELS EN TOILETWARE**

- Tandepasta
- Lyfseep
- Handeroom
- Shampoo/Conditioner
- Toiletpapier
- Vaseline
- Vroulike Benodighede
- Skeerroom
- Skeermesse
- Skottelgoedseep
- Waspoeier
- Stasoft

**KRUIDENIERSWARE**

- Bully beef of enige blikkies vleis
- Spaghettie in tamatie sous
- Sweetcorn, Baked beans
- Enige blikkies vis,
- Tamatie en uie mix
- Gemengde groente
- Sout
- Rys
- Oats
- Koekmeel
- Pasta(macaroni,spaghetti)
- Suiker, Koffie, Tee, Melk

Aangesien ons 'n vrieskas as skenking gekry het, is gevriesde groente en vleis ook welkom.
Ek sal self die groente ook bewerk as dit nie vir jul moontlik is nie.

Annelize Herselman (Welsynshoof)

Kontak no 0748973444

Klere ook welkom veral kinder- & baba klere.

**KOMBERSE, KOMBERSE, KOMBERSE!**

**Baie dankie vir JOU bydrae!**

# Die OES is wit op die lande...



Ons het vir **Della & Nella** (dis soos ons hulle leer ken het) ontmoet in **2006** toe ons in Vanderbijlpark by die AGS Suid gemeente betrokke was. Ons het huller leer ken as 2 mense wat vir **NIKS** bang is nie en hulle weet wat dit beteken om **GOD WERKLIK ONVERSKROKKE TE VERTROU!**

**De La Rey van Huyssteen & Francois Oosthuizen** is vennote in **Newcom Fluid Management**, 'n vinnig groeiende maatskappy wat spesialiseer in **brandstofsisteme**. Hulle spaar klein-, medium- en korporatiewe maatskappye, boere, transporters en vele ander sakeondernemings letterlik duisende rande per jaar deur 'n **uitstekende brandstofbeheersisteem** te implimenteer.

**Newcom** is ook die **AMPTELIKE BORG** van ons **VITO** Bussie wat die Here vir ons in Meimaand gegee het! Ons het alreeds ons eerste uitreiking na Upington agter die rug en dit was feeste! **Ons loof die Here en weet dat Newcom God se bonatuurlike guns SAL ervaar!**




Della & Nella is ook **"go-getters"** en het verlede maand hul nuwe tuiste aangedurf. **'n Plaas tussen Hetzogville en Boshof**! Maar dis nie net 'n plaas nie....nee, die Here het **groot beloftes** vir Della gegee oor hierdie **Vrystaatse vlaktes**... **ONS GAAN KRUISPAD KAMPE HOU**...nie die gewone nie...ons gaan **LAER OPSLAAN** in God se teenwoordigheid!

Die plaas het 2 woonhuise waarvaN Della hulle besig is om die een huis te omskep in slaapgeriewe vir kampeerders. Ons is besig om dit in te rig en vertrou die Here nou vir **KLOMP ENKELBED MATRASSE** en **BAIE STAAL** en **PLANKE**, want ons moet **BAIE BEDDENS** bou! Della het 'n volledige werkswinkel op die plaas met welders en al die toerusting om die werk te doen!

Ons sal binnekort moontlike **datums vir 2013 asook vir 2014** bekendmaak op ons webtuiste www.crossroad-ministries.co.za en ons vra dat julle saam met ons sal bid vir hierdie **Evangelisasie veld**. Die oes is wit op die land en ons bid dat die Here dit vir ons moontlik sal maak om ook hier manne en vrouekampe aan te bied.

**Ons sien vir die toekoms letterlik duisende manne wat saamtrek op hierdie pragtige plaas en die Here se aangesig soek! Staan asseblief saam met ons in gebed vir hierdie projek!**

**Jesaja 6:8 Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.**

**De la Rey van Huyssteen : della@newcomfluid.co.za**
**083 371 4646 of 087 808 0514**




**Ons bedien op baie plekke waar ons sing en dan kry ons altyd die vraag: "Het julle dalk 'n CD?"**

Wel, ons het baie met die Here hieroor gepraat, want ons wil nie net nog 'n **"Gospel CD"** die lig laat sien en almal sê: 'Oeee dis so pragtig!", maar dit bring nie 'n **blywende, innerlike verandering** in mense se lewens nie. Dan kan ons sommer nou hierdie projek op die kantlyn stoot.....ons is **WORSHIPERS**...

Ons beskou onsself glad nie as professionele sangers nie, maar ons weet dat die Here oor die afgelope 17 jaar ons kon gebruik het deur ons **praise & worship bediening** om 'n atmosfeer te skep waarin Sy **Heilige Gees** mense se **lewens kon verander**.

**Sonder hierdie salwing van God, WIL ons NIE, maar MET Sy SALWING, WIL ons VERSEKER!**

**Ons het kwotasie aangevra van verskeie studios in ons land soos o.a Kruiskyk en ons wil graag die kostes so laag as moontlik hou. Om session musikante te gebruik kos baie meer as wat jy reeds 'n vooraf vervaardigde musiekverwerking in die vorm van 'n TRACK gebruik.**

## Ons beplanning is om:

- **8 songs op te neem met TRACKS**
- **4 LIVE WORSHIP songs te doen**
- **2-4 Musiek DVD's**
- **'n kombinasie van Engels & Afrikaans**

**Die koste effektiefste kwotasie wat ons bymekaar kon sit beloop tans:**

# R36 500

**Dit sal ook 1000 kopieë insluit waarvan ons die omslag en insetsels se kunswerk self sal ontwerp.**

Ons weet die tyd is reg en ons vra dat julle saam met ons nou sal bid vir die beplanning wat voorlê, maar ook vir die voorsiening. Ons loop werklik op die water en kan God alleen vertrou, want as dit Sy hartklop vir ons is, dan sal Hy ook die sluise van die Hemele oopmaak oor ons sodat ons hierdie projek suksesvol kan afhandel sodat Hy hierdeur vereer sal word. Ons gebed is reeds dat baie lewens verander sal word wanneer hierdie CD huise,karre, kerke of waar ookal gespeel word! Hierdie is GOD se projek en ons is slegs Sy instrumente....

**WE WILL WORSHIP WHILE WE'RE WAITING ON YOU LORD!**




# 100% Aanbiddings Naweek...

Ons het mooi by die Here gehoor rondom die tema en die doel van hierdie kamp en die Here het dit duidelik gemaak:

**EK SOEK AANBIDDING! MY SEëN KOM AS JULLE MY AANBID IN GEES EN IN WAARHEID!**
**MY WORD MANIFEST IN THE PRESENCE OF WORSHIP!**

**BAIE BELANGRIK!** **Ons het 'n baie moeilike besluit gemaak**: Om **tyd te skep** vir aanbidding, sal ons ongelukkig hierdie jaar **GEEN DANS ITEMME** hê nie. Ons kan wel dansers daar hê, maar **almal sal PROFETIES saam met die praise & worship vloei**. Ons gaan ook die verhoog by Deo Gloria beskikbaar stel spesifiek vir dansgroepe om beurte te maak om profeties te dans tydens ons aanbiddingssessies.

## BESPREKINGS & REëLINGS

1) Besprekings kan gedoen word by **Connie @ 071 551 8191** (**enigste nr vir bespreking!!!**) of **aanlyn** op ons **webtuiste www.crossroad-ministries.co.za** of per **FAKS 086 622 5363** **(skakel met Connie vir Besprekingsvorm as jy per faks wil bspreek)**

2) Ons aanvaar **GEEN** ander besprekingsmetodes nie (facebook, e-posse, smse na ons privaat nrs toe ens) Dit maak vir ons die stelsel net baie makliker en ons vra almal se samewerking!!

3) Koste sal **R350.00pp** beloop (aanpassing agv van kos en akkommodasie se stygings), **Pensionarisse (60+) = R300.00** en **Kinders: 5-12jaar = R300.00**

4) **GEEN inbetalings hoef hierdie jaar gedoen te word nie.** Gelde kan **by die KAMP** self betaal word! Ons het slegs jou inskrywing nodig om vir jou voorbereiding te tref! As jy wel inbetaal, moet die asb die **VOLLE BEDRAG** eenmalig wees. Die **VERWYSINGSNR** is **BELANGRIK**: Slegs jou **VAN + Selnommer** of **net jou selnommer** (ons sal jou bel!)

5) **Bustarief: R250.00pp** Hierdie gelde word slegs **by die KAMP** betaal. **(Jy BOEK jou plek op jou registrasie vorm.)**

## ONS HANTEER BORGE OP 'N UNIEKE WYSE!

Omrede die kostes geweldig gestyg het, was ons genoodsaak om ons tariewe te verhoog vir die kamp en die bus. Daarom het ons hierdie jaar meer vrouens wat finansiële bystand nodig gaan hê. **Ons borgaksie werk egter baie uniek!**

- Ons gee **spesiale borgvorms** uit vir vroue wat **FINANSIëLE BYSTAND** nodig het (**dus raak hulle self ook betrokke**)
- **Elke donasie** wat van **'n borg** inkom na Crossroads toe, word **verdeel** tussen **'n aantal vroue** m.a.w ons sponsor **nie net EEN vrou 100%** nie, behalwe in uiterste gevalle.
- Ons **verdeel die donasies** en vra elke vrou se **persoonlike aksie en geloof** om vir die **uitstaande bedrag** te sorg.
- **Elke vrou bring haar deel en God sorg vir die res!!**

## BANKBESONDERHEDE VIR INBETALINGS EN BORGE

**REKENING NAAM: My Lewenlied FNB 62295426805 (SLEGS EFT's asb GEEN kontant)**
of **Crossroad Gospel Message NPC 62355533540 (Kontant),**
**Takkode 250053, Verwysing: Van & Selnr**




# Mighty Men of Change

## MEN'S CAMPS

**Neil Fourie 074 581 9950 nfourie@prooptima.co.za**

**www.crossroad-ministries.co.za**

**Neil Fourie** het hierdie visie gekry om in die **Noord Wes** in samewerking met Kruispad **mannekampe** in die lewe te roep. Ons het hom ons **volle ondersteuning** gegee en ons gaan ook gebruik maak van **spesiale sprekers** soos oa **Wynand Rossouw van Radio Kansel**. **Ons besprekings vir Julie moet reeds in wees voor 01/7/2013! MIN DAE!**



| 19-21 Julie MMOC kamp | SPREKER | ONDERWERP |
|---|---|---|
| Vrydagaand | Ps Ray Nair | TBA |
| Saterdagoggend | Ryan Nicholls | Compromises/Kompromieë |
| Saterdagmiddag | Neil Fourie | Sexual Sin/Seksuele Sondes |
| Saterdagaand | Wynand Rossouw | Healing & Restoration |
| Sondagoggend | Ps Francois vd Bergh | Middeljare Krisis/Midlife Crisis |

**Camp Fees: R450 pp** (Including Meals/ Accommodation & Admin Fee)

**Note:** No alcohol allowed on camping site

**Bring:**

- Own Linen (sheets/pillowcases or sleeping bag) for 3/4 bed
- Own Towels
- Cooldrink/Mineral Water/Snacks/Biltong
- Bible/Pen & Note Book
- Camping Chair for boma

## Kampdatums 2013

**19-21 Julie**

**(Sluitingsdatum is 1 Julie vir betalings asseblief)**

**27-29 September**

**22-24 November**

Die kamp word gehou **16km buite Orkney op die Bothaville** pad. Dis 'n pragtige plaas genaamd **KAMEELFONTEIN**. Elke kamer het sy **eie badgeriewe** en die **etes** is **top gehalte**! Daar is tot **braaivleis met pap** by 'n warm vuur in die boma! Hallelujah!

**Banking Details: First National Bank Account Name: MMOC**
**Account Nr 62291074848 Branch Code: 250053 Reference: Surname & Cellnumber**

# Jy is deur GOD georden as 'n Koning van Kruispad!

Ons het **DUIDELIK** 'n opdrag van God ontvang in 2007 toe ons moes bedank en uittrek uit die AGS in Vanderbijlpark waar ons voltyds gewerk het (veilige gemaksone!) en slegs deeltyds bedien het. Ons moes **VOLKOME** God vertrou en **Hy** het aan ons hierdie **belofte** en **waarskuwing** gerig: **EK SAL VIR JULLE SORG!** **EK** sal vir julle manne en vroue oprig wat **KONINGS** sal wees in julle bediening wat 'n **ROEPING** is! **JULLE mag nie KONINGS opwek nie..**. **EK** sal hulle **ROEP** en **ORDEN** as **KONINGS!**

Oor die afgelope 6 jaar het God **KONINGS** geroep wat vir ons tot vandag toe nog sorg soos die kraaie vir Elia by die spruitjie krip. Hierdie **KONINGS** **beskerm** ook die **ROEPING** op ons lewe en hulle het 'n **AANDEEL** in die **OES** wat **ontsagwekkend groot** is as ons terugkyk oor hierdie periode,

As die Here vandag vir **JOU** vra om 'n **KONING** in Kruispad te word, weet verseker dat die grond vrugbaar is en goed voorbereid is vir jou saad en dat ons saam met jou hierdie oes sal inroep in die Naam van Jesus Christus!

**Jy kan 'n maandelikse debietorder voltooi of dit self reël met jou bank.**
**Die minimum bedraggie is slegs R55 per maand! (5= GENADE m.a.w GENADE+GENADE!)**

## Stuur asb jou GEBEDSVERSOEK deur na 082 526 4528

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:**

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE NPC**

**FIRST NATIONAL BANK**

CHEQUE ACCOUNT: **62355533540**

BRANCH CODE: **250053**

Bogenoemde bankbesonderhede is ook dieselfde vir ons
**Kruispad Familie Kerk**

# Besoek gerus ons webtuiste!




# www.crossroad-ministries.co.za